by any interested person at the office of the Regional Officer, Private Bag X2, Mōregloed, Pretoria, from date of this notice.

E.C.R. 101(26) dated 16 January, 1975.
D.P. 01-014-23/22/1758 and D.P. 01-014-23/22/1744



Administrateurskennisgewing 809

21 Mei 1975

**DORPSRAAD VAN MACHADODORP: INTREKING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBE-
LASTING.**

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Dorpsraad van Machadodorp hom versoek het om die bevoegdheid aan hom verleen deur die bepalings van artikel 9(10) van Ordonnansie No. 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van die gebiede omskryf in Bylae II van Proklamasie No. 64 van 1929, in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na eerste publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privatsak X437, Pretoria, redes aan te voer waarom daar nie aan die Dorpsraad van Machadodorp se versoek voldoen moet word nie.

PB. 3-5-11-2-62

Administrator's Notice 809

21 May, 1975

VILLAGE COUNCIL OF MACHADODORP: WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM RATING.

The Administrator hereby notifies that the Village Council of Machadodorp has requested him to exercise the authority convened on him by section 9(10) of Ordinance No. 17 of 1939, and withdraw the existing exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933 in respect of the areas described in Schedulee II of Proclamation No. 64 of 1929.

All interested persons are entitled to submit reasons in writing to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, within 30 days of the first publication of this notice, why the request of the Village Council of Machadodorp should not be granted.

PB. 3-5-11-2-62

ton-wysigingskema 1/93 ontstaan het, het die Administrateur die regstelling van die skema goedgekeur deur:—

- (1) Die vervanging van Kaart 3 met 'n nuwe Kaart 3.
- (2) Die vervanging van Bylae XIV(p) met 'n nuwe Bylae.
- (3) Die vervanging van die skemaklousules met nuwe skemaklousules.

PB. 4-9-2-1-93

Administrateurskennisgewing 815

21 Mei 1975

KEMPTONPARK-WYSIGINGSKEMA NO. 1/130.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat nademaal 'n fout in Kemptonpark-wysigingskema No. 1/130 ontstaan het, het die Administrateur die regstelling van die skemaklousules goedgekeur deur:—

- (a) Die skraping van voorbehoudsbepaling "(XXX)" en die vervanging daarvan met "(XLIII)".
- (b) Die skraping van voorbehoudsbepaling "(XLVIII)" en die vervanging daarvan met "(LXIII)".

PB. 4-9-2-16-130

Administrateurskennisgewing 816

21 Mei 1975

VANDERBIJLPARK-WYSIGINGSKEMA NO. 1/15.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat nademaal 'n fout in Vanderbijlpark-wysigingskema No. 1/15 ontstaan het, het die Administrateur die regstelling van die skemaklousules goedgekeur deur:—

- (i) Die skraping van voorbehoudsbepaling nommer "(XVIII)" en die vervanging daarvan met nommer "(XIX)".
- (ii) Die skraping van voorbehoudsbepaling nommer "(XXI)" en die vervanging daarvan met nommer "(XVIII)".

PB. 4-9-2-34-15

Administrateurskennisgewing 817

21 Mei 1975

ZEERUST-WYSIGINGSKEMA NO. 11.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) van artikel 56 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1956, bekend gemaak dat die Administrateur Zeerust-dorpsaanlegskema, 1958, gewysig het deur die hersonering van Gedeelte 24 ('n gedeelte van Gedeelte 5) van die plaas Hazia No. 240-J.P., tot "Spesiaal" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 20 000 vk. vt." vir steenmakery, pottelbakery en doeleindes in verband daarmee, of vir sodanige ander doeleindes as wat die Administrateur mag goedkeur, onderworpe aan sekere voorwaardes.

PB. 4-9-2-41-11

Scheme 1/93 the Administrator has approved the correction of the scheme by:—

- (1) The substitution of Map 3 by a new Map 3.
- (2) The substitution of Annexure XIV(p) by a new Annexure.
- (3) The substitution of the scheme clauses by new scheme clauses.

PB. 4-9-2-1-93

Administrator's Notice 815

21 May, 1975

KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME NO. 1/130.

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Kempton Park Amendment Scheme No. 1/130, the Administrator has approved the correction of the scheme clauses by:—

- (a) The deletion of proviso "(XXX)" and the substitution thereof by "(XLIII)".
- (b) The deletion of proviso "(XLVIII)" and the substitution thereof by "(LXIII)".

PB. 4-9-2-16-130

Administrator's Notice 816

21 May, 1975

VANDERBIJLPARK AMENDMENT SCHEME NO. 1/15.

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Vanderbijlpark Amendment Scheme No. 1/15, the Administrator has approved the correction of the scheme by:—

- (i) The deletion of proviso number "(XVIII)" and the substitution thereof by number "(XIX)".
- (ii) The deletion of proviso number "(XXI)" and the substitution thereof by number "(XVIII)".

PB. 4-9-2-34-15

Administrator's Notice 817

21 May, 1975

ZEERUST AMENDMENT SCHEME NO. 11.

It is hereby notified in terms of subsection (2) of section 56 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1956, that the Administrator has amended Zeerust Town-planning Scheme, 1958, by the rezoning of Portion 24 (a portion of Portion 5) of the farm Hazia No. 240-J.P., to "Special" with a density of "One dwelling per 20 000 sq. ft." for brick yard, pottery and purposes incidental thereto, or such purposes as the Administrator may approve, subject to certain conditions.

PB. 4-9-2-41-11

Administrateurskennisgewing 818 21 Mei 1975

SPRINGS-WYSIGINGSKEMA 1/90.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Springs-dorpsaanlegskema 1, 1948, gewysig word deur die hersonering van Erwe 371, 372, 373, 374, 375, 376, 387, 398, 399, 400, 402, 405, 408 en 417 dorp Casseldale van "Algemene Besigheid" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Springs en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Springs-wysigingskema 1/90.

PB. 4-9-2-32-90

Administrateurskennisgewing 819 21 Mei 1975

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 96.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsbeplanningskema 1974, gewysig word deur die hersonering van Lot 311, dorp Wonderboom-Suid, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1000 m²" tot "Spesiaal" vir die oprigting van enkel-, en/of-dupleks wooneenhede wat uit twee of meer sulke wooneenhede bestaan onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 96.

PB. 4-9-2-3H-96

Administrateurskennisgewing 820 21 Mei 1975

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 128.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsbeplanningskema 1974, gewysig word deur die hersonering van Lot 56, dorp Waverley, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1500 m²".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 128.

PB. 4-9-2-3H-128

Administrator's Notice 818 21 May, 1975

SPRINGS AMENDMENT SCHEME 1/90.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Springs Town-planning Scheme 1, 1948, by the rezoning of Erven 371, 372, 373, 374, 375, 376, 387, 398, 399, 400, 402, 405, 408 and 417 Casseldale Township from "General Business" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Springs and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Springs Amendment Scheme 1/90.

PB. 4-9-2-32-90

Administrator's Notice 819 21 May, 1975

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 96.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Pretoria Town-planning Scheme 1974, by the rezoning of Lot 311, Wonderboom South Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1000 m²" to "Special" for the erection of single storey and/or duplex dwellings consisting of two or more such living units, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 96.

PB. 4-9-2-3H-96

Administrator's Notice 820 21 May, 1975

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 128.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Pretoria Town-planning Scheme 1974, by the rezoning of Lot 56 Waverley Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1500 m²".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 128.

PB. 4-9-2-3H-128

Administrateurskennisgewing 821 21 Mei 1975

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK - WYSIGINGSKEMA 200.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1958, gewysig word deur die skraping van Klousule 6(e) en die vervanging daarvan deur 'n nuwe Klousule 6(e).

Die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema 200.

PB. 4-9-2-116-200

Administrateurskennisgewing 822 21 Mei 1975

ROODEPOORT-MARAISBURG-WYSIGINGSKEMA 1/228.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Roodepoort-Maraiburg-dorpsaanlegskema 1, 1946, gewysig word deur die hersonering van Erve 16 tot en met 34 en 359, dorp Roodepoort-Wes, van "Spesiale Woon" tot "Bestaande Openbare Oopruimte".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Roodepoort en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Roodepoort-Maraiburg-wysigingskema 1/228.

PB. 4-9-2-30-228

Administrateurskennisgewing 823 21 Mei 1975

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 226.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsbeplanningsskema 1974, gewysig word deur die hersonering van Gedeelte 1 van Lot 91, Restant van Lot 92, Restant van Gedeelte 1 van Lot 99, Gedeelte 3 van Lot 99 dorp Mayville, tot "Spesiaal" vir:

- (i) Gelisensieerde hotel, motel, restaurant.
- (ii) Padkafée en kafée.
- (iii) Openbare garage.
- (iv) Set-gholf of soortgelyke gholfbaan.
- (v) 'n Swembad.

onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Administrator's Notice 821 21 May, 1975

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 200.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1958, by the deletion of Clause 6(e) and the substitution thereof of a new Clause 6(e).

The scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme 200.

PB. 4-9-2-116-200

Administrator's Notice 822 21 May, 1975

ROODEPOORT - MARAISBURG AMENDMENT SCHEME 1/228.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Roodepoort-Maraiburg Town-planning Scheme 1, 1946, by the rezoning of Erven 16 up to and including 34 and 359, Roodepoort West Township, from "Special Residential" to "Existing Public Open Space".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Roodepoort and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Roodepoort-Maraiburg Amendment Scheme 1/228.

PB. 4-9-2-30-228

Administrator's Notice 823 21 May, 1975

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 226.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Pretoria Town-planning Scheme 1974, by the rezoning of Portion 1 of Lot 91, Remainder of Lot 92, Remainder of Portion 1 of Lot 99, Portion 3 of Lot 99 Mayville Township, to "Special" for:

- (i) Licenced hotel, motel, restaurant.
- (ii) Roadhouse and cafe.
- (iii) Public garage.
- (iv) Putt-Putt or similar golf course.
- (v) A swimming bath,

subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 226.

PB. 4-9-2-3H-226

Administrateurskennisgewing 824 21 Mei 1975

GERMISTON-WYSIGINGSKEMA 3/41.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Germiston-dorpsaanlegkema 3, 1953, gewysig word deur die hersonering van Restant van Lot 56, dorp Klippoortje Landboulotte, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Spesiaal", onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Germiston en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Germiston-wysigingskema 3/41.

PB. 4-9-2-1-41-3

Administrateurskennisgewing 825 21 Mei 1975

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 147.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsbeplanningkema 1974, gewysig word deur die hersonering van Erwe 230, 845, 1228 en gedeeltes van Erwe 231, 233, 239 en 241, dorp Silverton tot "Spesiaal" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 147.

PB. 4-9-2-3H-147

Administrateurskennisgewing 826 21 Mei 1975

RANDBURG-WYSIGINGSKEMA 143.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Randburg-dorpsaanlegkema 1954, gewysig word deur die hersonering van Lot 855, dorp Ferndale, tot "Spesiale Besigheid" vir die weglating van die pad-reserverings op die noordelike en suidelike grense, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Randburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Randburg-wysigingskema 143.

PB. 4-9-2-132-143

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 226.

PB. 4-9-2-3H-226

Administrator's Notice 824 21 May, 1975

GERMISTON AMENDMENT SCHEME 3/41.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Germiston Town-planning Scheme 3, 1953, by the rezoning of Remainder of Lot 56 Klippoortje Agricultural Lots Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Special", subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Germiston and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Germiston Amendment Scheme 3/41.

PB. 4-9-2-1-41-3

Administrator's Notice 825 21 May, 1975

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 147.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance 1965, that the Administrator has approved the amendment of Pretoria Town-planning Scheme 1974, by the rezoning of Erven 230, 845, 1228 and parts of Erven 231, 233, 239 and 241, Silverton Township, to "Special" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 147.

PB. 4-9-2-3H-147

Administrator's Notice 826 21 May, 1975

RANDBURG AMENDMENT SCHEME 143.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Randburg Town-planning Scheme 1954, by the rezoning of Lot 855, Ferndale Township, to "Special Business" for the removal of the road reservations on the northern and southern boundaries, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Randburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Randburg Amendment Scheme 143.

PB. 4-9-2-132-143

Administrateurskennisgewing 827 21 Mei 1975

VANDERBIJLPARK WYSIGINGSKEMA 1/38.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Vanderbijlpark-dorpsaanlegskema 1, 1961, gewysig word deur die hersonering van Erf 21, dorp Vanderbijlpark Suid-Wes 5, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 20 000 vk. vt."

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Vanderbijlpark en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Vanderbijlpark-wysigingskema 1/38.

PB. 4-9-2-34-38

Administrateurskennisgewing 828 21 Mei 1975

NIGEL WYSIGINGSKEMA 45.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Nigel-dorpsaanlegskema 1963, gewysig word deur die hersonering van die straatgedeelte geleë tussen Erwe 14 en 37, dorp Nigel, tot "Beperkte Besigheid" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Nigel en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Nigel-wysigingskema 45.

PB. 4-9-2-23-45

Administrateurskennisgewing 829 21 Mei 1975

TOESIG VAN DIE HOËR HANDELSKOOLOF MIKE ERASMUS: SKOOLRAAD VAN WATERBERG.

Die Administrateur is voornemens om kragtens artikel 45(2) van die Onderwysordonnansie, 1953, die naam van die bogenoemde skool in Deel (B) van die Eerste Bylae by voornoemde Ordonnansie te skrap en in Deel (A) van die Bylae in te sluit.

Administrateurskennisgewing 830 21 Mei 1975

VERKIESING VAN LID: SKOOLRAAD VAN PRETORIA-SUID.

Die ondergenoemde persoon is tot lid van die bogenoemde raad verkies en het sy amp aanvaar op die datum aangedui:

Kenneth Sidney Ernest Eady.

10 Maart 1975.
T.O.A. 21-1-4-37

Administrator's Notice 827 21 May, 1975

VANDERBIJLPARK AMENDMENT SCHEME 1/38.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Vanderbijlpark Town-planning Scheme 1, 1961, by the rezoning of Erf 21, Vanderbijlpark South West 5 Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 20 000 sq. ft."

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Vanderbijlpark, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme 1/38.

PB. 4-9-2-34-38

Administrator's Notice 828 21 May, 1975

NIGEL AMENDMENT SCHEME 45.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Nigel Town-planning Scheme 1963, by rezoning of the street portion situated between Erven 14 and 37, Nigel Township, to "Restricted Business" with a density of "One dwelling per Erf".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Nigel and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Nigel Amendment Scheme 45.

PB. 4-9-2-23-45

Administrator's Notice 829 21 May, 1975

SUPERVISION OF THE MIKE ERASMUS COMMERCIAL HIGH SCHOOL: SCHOOL BOARD WATERBERG.

It is the intention of the Administrator, in terms of section 45(2) of the Education Ordinance, 1953 to delete from Part (B) and to include in Part (A) of the First Schedule of the abovenamed Ordinance the name of the above-mentioned school.

Administrator's Notice 830 21 May, 1975

ELECTION OF MEMBER: SCHOOL BOARD OF PRETORIA SOUTH.

The under-mentioned person has been elected as a member of the above-mentioned board and assumed office on the date indicated:

Kenneth Sidney Ernest Eady.

10 March, 1975.
T.O.A. 21-1-4-37

Administrateurskennisgewing 831

21 Mei 1975

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN DIE RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur Bylae B soos volg te wysig:—
 - (a) Deur in reël 5(1) van Deel I die uitdrukking "Januarie 1974" deur die uitdrukking "Julie 1975" te vervang.
 - (b) Deur in reël 5(2)(a) van Deel I die uitdrukking "Januarie 1974" deur die uitdrukking "Julie 1975" te vervang.
 - (c) Deur in die Tabel onder Deel III die syfers "10,50" "5,75" en "9c", waar dit ook al voorkom, onderskeidelik deur die syfers "15,00", "7,50" en "12c" te vervang.
 - (d) Deur aan die end van Kategorie 8 van die Tabel onder Deel III, die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

"Met dien verstande dat die minimum gelde per kwartaal vir enige klas eiendom in hierdie kategorie R7,50 is."
 - (e) Deur in reël 1(b) van Deel IV die uitdrukkings "5,30 + 0,031" en "6,30 sent" onderskeidelik deur die uitdrukkings "7,40 + 0,040" en "8,40 sent" te vervang.
 - (f) Deur in reël 8 van Deel IV —
 - (i) in subreël (a) die uitdrukking "9 sent" deur die uitdrukking "12 sent" te vervang; en
 - (ii) in subreël (b) die uitdrukking "6,30 sent" deur die uitdrukking "8,40 sent" te vervang.
 - (g) Deur in item 2 van Deel V die syfer "R35" deur die syfer "R43,50" te vervang.
 - (h) Deur in Deel VI die syfer "R15,50" deur die syfer "R20,15" te vervang.
 - (i) Deur in Deel VII die syfer "R7" deur die syfer "R9" te vervang.

2. Deur in die Tabel onder Bylae C die syfers "28,00", "5,60", "1,40" en "7,00", waar dit ook al voorkom, onderskeidelik deur die syfers "36,40", "7,25", "1,85" en "9,10" te vervang.

PB. 2-4-2-34-2

Administrateurskennisgewing 832

21 Mei 1975

MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Administrator's Notice 831

21 May, 1975

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Johannesburg Municipality published under Administrator's Notice 509, dated 1 August, 1962, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By amending Schedule B as follows:—
 - (a) By the substitution in rule 5(1) of Part I for the expression "January 1974" of the expression "July 1975".
 - (b) By the substitution in rule 5(2)(a) of Part I for the expression "January 1974" of the expression "July 1975".
 - (c) By the substitution in the Table under Part III for the figures "11,50", "5,75" and "9c", wherever they occur, of the figures "15,00", "7,50" and "12c" respectively.
 - (d) By the addition at the end of Category 8 of the Table under Part III of the following proviso:

"Provided that the minimum charge per quarter for any class of property in this category the above Table shall be R7,50."
 - (e) By the substitution in rule 1(b) of Part IV for the expressions "5,30 + 0,031" and "6,30 cents" of the expressions "7,40 + 0,040" and "8,40 cents" respectively.
 - (f) By the substitution in rule 8 of Part IV —
 - (i) in subrule (a) for the expression "9 cents" of the expression "12 cents"; and
 - (ii) in subrule (b) for the expression "6,30 cents" of the expression "8,40 cents".
 - (g) By the substitution in item 2 of Part V for the figure "R35" of the figure "R43,50".
 - (h) By the substitution in Part VI for the figure "R15,50" of the figure "R20,15".
 - (i) By the substitution in Part VII for the figure "R7" of the figure "R9".

2. By the substitution in the Table under Schedule C for the figures "28,00", "5,60", "1,40" and "7,00", wherever they occur, of the figures "36,40", "7,25", "1,85" and "9,10" respectively.

PB. 2-4-2-34-2

Administrator's Notice 832

21 May, 1975

ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item (a) van die Watertarief onder Aanhangsel I van Bylae 1 by Hoofstuk 3 deur die volgende te vervang:—

“(a) *Vorderings vir die Lowering van Water, per maand.*

	<i>Per kl of gedeelte daarvan</i>
(i) Vir die eerste 5 kl	20 c
(ii) Vir die volgende 95 kl	15 c
(iii) Vir die volgende 900 kl	12,5c
(iv) Daarna	12 c
(v) Minimum vordering	75 c”

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat tree by die eerste gewone aflesing van 'n verbruiker se meter na die datum van afkondiging hiervan in werking.

PB. 2-4-2-104-4

Administrateurskennisgewing 833 21 Mei 1975

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Carletonville, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1564 van 26 September 1973, word hierby gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur subitem (1) van item 1 deur die volgende te vervang:

“(1) 'n Aanvraagheffing van R2,50 per maand ten opsigte van verbruikers voorsien vanaf die Blybank sentrale en R2 per maand vir alle ander verbruikers per kW van maksimum aanvraag gemeet oor enige periode van 30 minute gedurende die maand; plus

'n Eenheidsheffing van 0,50c per eenheid verbruik.”

2. Deur in item 1(3) die syfer “46c” deur die syfer “50c” te vervang.

3. Deur in item 2 —

(a) in subitem (1) die syfer “6,28c” deur die syfer “7,53c” te vervang;

(b) in subitem (2) die syfer “2,31c” deur die syfer “2,772c” te vervang;

(c) in subitem (3) die syfer “1,155c” deur die syfer “1,386c” te vervang;

(d) in subitem (4) die syfer “0,8663c” deur die syfer “1,25c” te vervang; en

(e) in subitem (5) die syfer “R6,28” deur die syfer “R7,53” te vervang.

4. Deur in item 3(1) die syfer “1c” deur die syfer “1,5c” te vervang.

The Water Supply By-laws of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 1044, dated 19 November, 1952, as amended, are hereby further amended by the substitution for item (a) of the Water Tariff under Annexure I of Schedule 1 to Chapter 3 of the following:—

“(a) *Charges for the Supply of Water, per month.*

	<i>Per kl or part thereof</i>
(i) For the first 5 kl	20 c
(ii) For the next 95 kl	15 c
(iii) For the next 900 kl	12,5c
(iv) Thereafter	12 c
(v) Minimum charge	75 c”

The provisions in this notice contained shall come into operation at the first ordinary reading of a consumer's meter after the date of publication hereof.

PB. 2-4-2-104-4

Administrator's Notice 833 21 May, 1975

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939; publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Carletonville Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1564, dated 26th September, 1973, are hereby amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution for subitem (1) of item 1 of the following:

“(1) A demand charge of R2,50 per month in respect of consumers supplied from the Blybank sub-station and R2 per month for all other consumers per kW of the maximum demand measured over any 30 minute period during the month; plus

A unit charge of 0,50c per unit consumed.”

2. By the substitution in item 1(3) for the figure “46c” of the figure “50c”.

3. By the substitution in item 2 —

(a) in subitem (1) for the figure “6,28c” of the figure “7,53c”;

(b) in subitem (2) for the figure “2,31c” of the figure “2,772c”;

(c) in subitem (3) for the figure “1,155c” of the figure “1,386c”;

(d) in subitem (4) for the figure “0,8663c” of the figure “1,25c”; and

(e) in subitem (5) for the figure “R6,28” of the figure “R7,53”.

4. By the substitution in item 3(1) for the figure “1c” of the figure “1,5c”.

5. Deur in item 4 —

- (a) in subitem (1)(a) die syfer "R3,50" deur die syfer "R3,53" te vervang;
- (b) in subitem (1)(b) die syfer "0,8663c" deur die syfer "1,15c" te vervang; en
- (c) in subitem (2) die syfers "R6,28" en "1,155c" onderskeidelik deur die syfers "R7,53" en "1,386c" te vervang.

6. Deur in item 5(1) die syfer "3c" deur die syfer "4c" te vervang.

7. Deur in item 6(1) die syfers "R1", "45c" en "R1,50" onderskeidelik deur die syfers "R1,20", "54c" en "R2" te vervang.

8. Deur in item 6(2) die syfers "40c" en "R1,50" onderskeidelik deur die syfers "48c" en "R2" te vervang.

PB. 2-4-2-36-146

Administrateurskennisgewing 834

21 Mei 1975

GESONDHEIDSKOMITEE VAN EENDRACHT: REGULASIES BETREFFENDE KARAVANPARK EN HENGEL.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126(1)(a) van genoemde Ordonnansie gemaak is.

DEEL I

Woordomskrywing.

1. In hierdie regulasies, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

"bediende" enige Nie-Blanke persoon wat tydelike, deelydse of vaste diens vir 'n huurder binne die karavaanpark verrig;

"besoeker" 'n Blanke persoon wat 'n *bona fide*-gas of besoeker van 'n huurder is, maar geen marskramer, venter, smous, verkoper of ander rondreisende handelaar of agent nie;

"blanke" 'n persoon in besit van 'n Blanke identifikaasiekaart of paspoort;

"boot" 'n skip, pont of vlot wat voortbeweeg of aangedryf word deur middel van roeiers, pale, seile of meganiese krag en wat gebruik word om persone te vervoer;

"brandstof" hout, steenkool, olie, paraffien, papier, gras, vullis of ander vorm van brandbare materiaal wat vir vuurmaakdoeleindes gebruik kan word, maar gas in behoorlike houers uitgeslote;

"deurtrekkende huurder" 'n huurder wat nie langer as dertig agtereenvolgende dae 'n standplaas in die park huur nie;

"dier" 'n hond, kat, perd, bees, donkie, muil, alle pluimvee, 'n bobbejaan of aap, slang of ander dier, maar nie 'n kanarie, parkiet en soortgelyke voël wat geen steurende geluid maak nie en 'n vis, skilpad of ander troeteldier wat geen las kan veroorsaak nie;

5. By the substitution in item 4 —

(a) in subitem (1)(a) for the figure "R3,50" of the figure "R3,53";

(b) in subitem (1)(b) for the figure "0,8663c" of the figure "1,15c"; and

(c) in subitem (2) for the figures "R6,28" and "1,155c" of the figures "R7,53" and "1,386c" respectively.

6. By the substitution in item 5(1) for the figure "3c" of the figure "4c".

7. By the substitution in item 6(1) for the figures "R1", "45c" and "R1,50" of the figures "R1,20", "54c" and "R2" respectively.

8. By the substitution in item 6(2) for the figures "40c" and "R1,50" of the figures "48c" and "R2" respectively.

PB. 2-4-2-36-146

Administrator's Notice 834

21 May, 1975

EENDRACHT HEALTH COMMITTEE: REGULATIONS RELATING TO CARAVAN PARK AND ANGLING.

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126(1)(a) of the said Ordinance.

PART I

Definitions.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates —

"ablution room" means a room or apartment set aside for tenants to wash themselves or to take a bath or shower;

"animal" means a dog, cat, horse, beast, donkey, mule, all poultry, a monkey or ape, snake or any other animal, but excludes a canary, parakeet and similar bird which does not utter any disturbing sounds and fish, turtle or any other pet which cannot cause a nuisance;

"boat" means any vessel, punt or raft moved or propelled by poles, sails or mechanical power and used to carry persons;

"caravan" means a vehicle or similar portable or movable or towable structure having no foundation other than wheels and jacks and which is so designed or constructed as to permit human occupation for dwelling or sleeping purposes and includes (without limiting the definition) a mobile home or trailer or travel trailer;

"caretaker" means a person appointed by the Committee under the supervision of the Secretary to supervise and control the park and its tenants;

"Committee" means the Health Committee of Eendracht;

"electrical equipment" means any apparatus, leads, fittings or accessories, which may be charged with electric current of more than 32 volts;

"elektriese uitrusting" alle toestelle, leidings, toebehore of onderdele wat met elektriese stroom van meer as 32 volt gelaai kan word;

"geselskap" persone wat volgens die permit lede is van die groep persone waarvoor 'n huurder betaal het;

"huurder" 'n persoon wat die voorgeskrewe huurgeld vir 'n standplaas, groot 12 m by 12 m betaal het;

"karavaan" 'n voertuig of dergelike verplaasbare of verskuifbare of sleepbare struktuur wat geen ander fondament as wiele en domkragte het nie en so ontwerp of gebou is dat mense dit vir woon- of slaapdoeleindes kan gebruik, asook (sonder beperking van die definisie) 'n mobiele huis of sleepwa of reisleepwa;

"Komitee", die Gesondheidskomitee van Eendracht;

"meterbussie" 'n toestel vir die verskaffing van elektriese stroom deur middel van 'n geldstuk wat in die meterbussie gedeponeer moet word;

"Nie-Blanke" 'n persoon wat nie 'n identifikasiebewys of paspoort van 'n Blanke besit nie;

"opsigter" 'n persoon wat deur die Komitee aangestel is om onder toesig van die Sekretaris toesig te hou en beheer oor die park en sy huurders uit te oefen;

"opwaskamer" 'n kamer of vertrek of afdak wat spesifiek beskikbaar gestel is vir die huurders met die uitsluitende doel om skottelgoed en ander eetgerei te was en skoon te maak;

"park" die munisipale karavaanpark of sodanige ander park of terrein of grond wat die Komitee van tyd tot tyd vir die doel van 'n karavaanpark bestem, wat standplase vir meer as twee karavane bied, ongeag of vir sodanige standplaas gelde gehief word al dan nie;

"permit" 'n permit om 'n standplaas in die park te huur, welke permit die datum van geldigheid moet aantoon, asook die aantal persone wat op die permit toegelaat word, die registrasienommer van die motor en die karavaan van die huurder en woorde met die strekking dat die permit geen reg daarstel nie, maar slegs 'n voorreg;

"standplaas" 'n stuk grond of perseel binne 'n park, afgemerk, ingerig, gebruik of bestem vir die gebruik van een huurder, sy karavaan en geselskap;

"tent" 'n tent of skuiling van seildoek of soortgelyke materiaal wat afsonderlik opgerig kan word asook wat aan 'n karavaan as sytent geheg kan word;

"vullis" alle afval, papier, rommel, vuilgoed of gemors;

"vullisbak" 'n bak of blik met 'n behoorlik passende deksel, deur die Komitee verskaf en geen ander bak of blik of houer hoegenaamd nie;

"vuurmaakplek" 'n rooster of struktuur of afgemerkte plek vir die doel om 'n oop vuur aan te lê;

"warm water" verwarmde water soos deur die Komitee by die verskillende plekke, geboue en geriewe in die park verskaf;

"wasgoed" slegs klerasie en beddegoed of ander weefsel wat die eiendom is van 'n huurder en sy geselskap;

"wasgoedkamer" 'n kamer of vertrek of afdak wat vir die huurders beskikbaar gestel is met die uitsluitlike doel om wasgoed te was en waar geen aparte geriewe vir die

"fireplace" means a griller or structure or demarcated place for the purpose of making an open fire;

"fuel" means wood, coal, oil, paraffin, paper, grass, refuse or any other form of combustible material suitable to make a fire, but excludes gas in suitable containers;

"hot water" means heated water as provided by the Committee at the various buildings and facilities provided at the park;

"laundry" means clothing and bed-clothes or other woven material only, being the property of a lessee or his party;

"laundry room" means a room or apartment or shed set aside for tenants for the sole purpose of washing laundry, and where no separate facilities are provided for ironing, also for ironing laundry;

"meter box" means a device for the supply of electric current by way of a coin to be deposited in the meter box;

"Non-White" means any person who does not possess an identification card or passport of a White;

"park" means the municipal caravan park or such other park or area or site or land which the Committee may from time to time set aside for the purpose of a caravan park, which offers stands for more than two caravans, irrespective of whether fees are charged for such stands or not;

"party" means persons who, according to the permit, are members of the group of persons for whom the tenant has paid;

"passing tenant" means a tenant who does not hire a stand in the park for more than thirty consecutive days;

"permit" means a permit to hire a stand in the park, such permit to show the date of its validity and also the number of persons admitted on the permit, the registration number of the motor car and the caravan of the tenant, and words to the effect that the permit does not constitute a right but a privilege only;

"refuse" means any waste, paper, rubbish, garbage or litter;

"refuse bin" means a bin or receptacle with a properly fitting lid supplied by the Committee and no other receptacle, tin or container whatsoever;

"scullery" means a room or apartment or shed which has been specifically set aside for the tenants for the sole purpose of washing and cleaning crockery and other utensils;

"servant" means any Non-White person who performs temporary, parttime or permanent service for a tenant within the caravan park;

"stand" means an area of land or plot of ground inside a park, demarcated, designed, used or intended for the accommodation of one tenant, his caravan and party;

"tenant" means a person who has paid the prescribed fees for a stand measuring 12 m x 12 m;

"tent" means a tent or shelter of canvas or similar material which may be erected separately as well as attached to a caravan as a side tent;

stryk van wasgoed verskaf word nie, ook om wasgoed te stryk;

"waskamer" 'n kamer of vertrek wat vir die huurders beskikbaar gestel is om hulleself te was of te bad.

DEEL II

Permitte

2.(1) Niemand mag 'n standplaas, beset of gebruik of sy karavaan of motor of tent daar plaas nie tensy hy vooraf 'n permit van die opsigter verkry en daarvoor ooreenkomstig die gelde in die Bylae hierby bepaal, betaal het. Elke permit is slegs geldig as die aantal persone wat die karavaan en tent bewoon, daarop vermeld is en geen verdere persone mag die karavaan of tent bewoon nie. Die permit is slegs vir een staanplek geldig.

(2) (a) Geen permit word vir 'n langer periode as dertig agtereenvolgende dae in enige kalenderjaar uitgereik nie tensy, in die diskresie van die Komitee, die huurder as 'n toeris beskou word.

(b) Die reg van toegang word deur die Komitee voorbehou.

(3) Die Komitee of sy gemagtigde beampte kan te eniger tyd, sonder verstrekking van redes, weier om 'n permit uit te reik of te hernieu of die permit met kennisgewing van vier-en-twintig uur met dié strekking, in te trek.

(4) Ingeval 'n permit ingetrek word of ingeval 'n huurder voor verstryking van die geldigheidsduur van 'n permit uit eie keuse sy standplaas verlaat, word geen gelde terugbetaal nie en die huurder het geen aanspraak daarop om op 'n latere tydstip weer 'n standplaas vir die onverstrekte tydperk van sy vervalte permit te beset nie en geen eis hoegenaamd vir enige vergoeding is deur die Komitee betaalbaar nie.

Toewysing van Standplase.

3.(1) 'n Standplaas word na goeëdunke van die opsigter, met behoorlike inagneming van die wense van die huurder, toegewys en moet uitsluitend deur een geselskap of deel van 'n geselskap gebruik word.

(2) 'n Huurder moet vir die vervoer na en van sy standplaas van 'n erkende pad gebruik maak en hy nóg 'n lid van sy geselskap nóg sy besoeker mag nie oor ander standplase ry nie.

(3) Geen huurder of lid van sy geselskap of sy besoeker mag sonder verlof oor 'n ander se standplaas loop nie.

Verpligtinge van Huurder.

4.(1) Die huurder aanvaar volle verantwoordelikheid vir alle dade of versuime van homself, sy geselskap of sy besoekers.

